





# MET ANDER WOORDE

OM GOED TE KAN VERTAAL MOET DIE VERTALER DIE REÛLS KEN,  
MAAR OOK WEET HÓÉ EN WÁÁR OM HULLE KREATIEF TE VERBREEK ...

**I**n die vertaalde Afrikaanse letterkunde is daar 'n paar ikoniese openingsinne wat binne enkele woorde die betekenis én atmosfeer van die teks vasvang.

In *Die hel* (Dante Alighieri) lui Delamaine du Toit se vertaling só: “Halfpad deur die reis van ons lewe / het ek my in 'n donker woud bevind / daar ek die reguit pad byster geraak het.”

Die Engelse vertaling lui: “Midway upon the journey of our life / I found myself within a forest dark, / For the straightforward pathway had been lost.”

En in die roman *Bo is dit stil* het Daniel Hugo Gerbrand Bakker (*Boven is het stil*) se “Ik heb vader naar boven gedaan” vertaal met: “Ek verskuif Pa boontoe.”

Binne dié sinne lê verskeie vertaalmoontlikhede – blote woordelikse vertalings of vertalings wat ook die nuanse vasvat en die ritme, styl en klank in die doeltaal reproduseer. Daniel kon, byvoorbeeld, pleks van “verskuif” maklik “neem” of “vat” gebruik het, maar sou dit dan steeds onmiddellik die afstandelike tussen pa en seun (waarvan die res van die boek vertel) uitgebeeld het?

## WETENSKAPLIKE BENADERING

In die vertaalomgewing is dit 'n ongeskrewe reël dat jy jou brontaal goed moet ken, maar jou doeltaal beter. Kén die reëls om hulle te kan buig of verbreek.

Tot die jare sestig het akademici en vertalers vertaling as 'n kuns beskou, 'n vaardigheid wat nooit wetenskaplik ondersoek is nie. Toe verskyn die Amerikaanse linguis en vertaalteoretikus Eugene Albert Nida (1914–2011) op die toneel en skryf onder meer die boeke *Toward a Science of Translating* (1964), *The Theory and Practice of Translation* (1969) en *From One Language to Another* (1986).

Daar is 'n paar faktore wat in gedagte gehou moet word wanneer jy vertaal, het hy gesê. Een is die aard van die boodskap, want in sommige boodskappe is die inhoud van primêre belang; in ander is die vorm die hoogste prioriteit.

In die vertaalwetenskap het Nida terme soos “formele ekwivalensie”, “dinamiese ekwivalensie”, “brontaal” en “doeltaal”, “woord-vir-woord-vertaling” teenoor “begrip-vir-begrip-vertaling” geskep en ►

## “ ’N VERTALER, OF SKILDER, KAN AL DIE REÛLS KEN EN GETROU NAKOM, MAAR DIE KUNSWERK SAL LEWeloos WEES SONDER DAARDIE SPESIALE VERMOË OM DIE REGTE WOORD TE KIES.”

teorieë geformuleer oor kwessies soos “die reproduksie van die boodskap”, “die prioriteit van betekenis”, “’n sisteem van prioriteite” en “die belangrikheid van styl”.

Die Belg Paul Claes praat van die “kuns van vertaling”. In sy boek *Gouden Vertaalregels* skryf hy vertaling is maklik as jou doeltaal “Vertaals” is, daardie vreemde taal waarin die brontaal sterk deursyfer en die doeltaal nie verkeerd is nie, net effens van die spoor af. Dis wanneer die vertaler hom vas staar teen woordeskat en woordvolgorde, die sinsbou en ritme van die oorspronklike; met die houding dat die gegewe ten alle koste eerbiedig moet word. Claes meen as dít die vertaler se benadering is, kan dit ten koste van die produk wees.

Dié produk is die verhaal of inligting waarin ’n heel nuwe groep mense met ’n ander kulturele agtergrond bereik moet word, maar wat terselfdertyd ook die omgewing en gegewe van die bronteks moet begryp.

### DIE VERTALER SE KWAS

Kobus Geldenhuys, een van Suid-Afrika se veelsydigste vertalers, sê hy beskou vertaling nie as ’n wetenskap óf kuns nie.

“Niks in die lewe is swart of wit nie – dis die tussenruimtes en die ongebaande sferes wat tekstuur gee. Vir my het vertaalreëls nog altyd rigting gegee, maar wanneer jy skeppend is, moet jy juis nuwe invalshoeke soek, sonder dat dit geforseerd is. Reëls moet jy op die regte tyd verbreek, minstens buig. ’n Vertaler hou by bepaalde reëls, of taalwetenskap, sowel as kunstige woordgebruik, dus woordkeuses, styl en klank. ’n Vertaler, of skilder, kan al die reëls ken en getrou nakom, maar die kunswerk sal leweloos wees sonder daardie spesiale vermoë om die regte woord te kies. Dis ’n gesonde kombinasie van die twee aspekte wat ’n teks lewe gee.”

Kobus hou van die skrywer Bijay Kumar Das (*Handbook of Translation Studies*) se stelling dat ’n vertaler eintlik leser, interpreteerder én skepper is. “Das se stelling sê in ’n neutredop wat die hele vertaalproses vereis ten einde in die teikentaal suksesvol en vars en gemaklik te wees. ’n Vertaler moet dié drie aspekte inkorporeer om ’n vertaling te lewer

wat getrou aan die teks en skrywer se styl is, maar steeds vir moedertaallesers toeganklik en verstaanbaar is.”

Die wetenskap van vertaling het te doen met die basiese kennis van taal en vertaaltruuks, veral wat tegniese vertaling betref, sê Kobus. “Ek glo egter – soos met alle kreatiewe sake – jy kan ’n doktorsgraad verwerf en steeds nie noodwendig ’n uitvoerende kunstenaar wees nie, selfs al weet jy alles van vertaalteorie en -konsepte. Op die ou end moet jy waag – en soms slaag, soms nie. Maar dis waar die tweede weergawe inkom, en baie keer die derde.”

### VERTALERSVRYHEID

Daniel, wat sowat 60 boeke van Nederlands in Afrikaans vertaal het, sê die akademiese vakgebied vertaalwetenskap het verskeie vertaalteorieë. “Die belangrikste vereistes is egter ’n goeie kennis van die brontaal en ’n bogemiddelde vaardigheid in die doeltaal, gewoonlik die vertaler se moedertaal. Vertalers is daarom dikwels ook skrywers in eie reg – soos Uys Krige, André P. Brink, Jan Rabie, Antjie Krog, Zandra Bezuidenhout en Fanie Olivier.”

Elke teks stel nuwe uitdagings aan die vertaler, sê hy. “Algemeen geldende reëls is daar nie werklik nie. Dalk een: Getrouheid aan die inhoud en styl van die verhaal of gedig wat vertaal word. Dit beteken nie slaafse of letterlike oorsetting nie. Die gees van die oorspronklike moet behoue bly. Hierdie riglyn is vaag genoeg om die vertaler groot vryhede toe te laat, soos wat veral die vertalings van Uys Krige bewys het. D.J. Opperman het gesê Krige se poësievertalings klink soos oorspronklike werk, en sy oorspronklike gedigte soos vertalings! Krige is nie minder nie as ses keer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy vertaalwerk bekroon.

“Ek het heelwat argwaan omtrent die vertaler se rol as interpreteerder. Dis onnodig dat die vertaler vooraf ’n studie moet maak van die bronteks se struktuur met sy temas, leitmotiewe en simbole. Hy hoef ook nie psigologiese insig in die karakters te hê nie. Al wat hy moet doen, is om getrou te wees aan die oorspronklike teks, en die struktuur, temas, motiewe, simbole en karakterisering sal vanself al vertalende voor hom op die rekenaarskerm verskyn. Die enigste gebied waarop hy moet interpreteer, is dié van die taalregister. Dis moeilik vir ’n nie-moedertaalspreker om presies vas te stel of die taalgebruik van die verteller of ’n karakter formeel, informeel, argaies, ironies, sarkasties of wat ook al is. Register kan ’n vertaler maklik laat struikel.”

Vertalers moet noukeurige lesers en skeppers wees, meen Daniel. “Vertalers vind dikwels feite- en stylfoute in die bronteks wat hulle dan regstel. In sekere opsigte kan ’n vertaling ’n beter teks as die oorspronklike oplewer. ’n Goeie vertaling is ’n kunswerk in eie reg wanneer die vertaler daarin slaag om die ‘literêrheid’ van ’n teks van een taal na ’n ander oor te dra sonder dat die taalgebruik





vreemd klink. 'n Vertaling mag nie soos 'n vertaling klink nie – dis die uitdagende paradoks van vertaalwerk.”

## 'N SPESIALE MANIER VAN LEES

Volgens die letterkundige prof. Yves T'Sjoen van die Universiteit van Gent en gaslektor aan die Universiteit Stellenbosch is talle vertalings inderdaad 'n kunsvorm.

“Die vertaalde teks is op sigself 'n kunsvorm wat binne 'n bepaalde kulturele konteks 'n eie bestaan het,” sê hy. “Die vertaler skep met sy eie taalmiddele 'n nuwe teks en is 'n tussenganger tussen taal- en kultuurgebiede. Dis deur sy kennis, vaardighede en interpretasievermoëns dat 'n nuwe teks tot stand kom. Twee vertalers van een teks sal verskillende produkte lewer.”

Vertaalteorie en -wetenskap is erkende vakgebiede, sê Yves. “Net soos vir elke wetenskaplike dissipline bestaan daar ontledingsmodelle, teoretiese konsepte, terminologie en metodologie. Dit is uiters geskik vir onder meer die ontleding van vertaalstrategieë en vertaalpoëtikas. Maar die vertaling self is 'n kunswerk waarin skeppendheid en interpretasie mekaar ontmoet.

“Ek beskou die vertaler as die mees indringende, professionele leser van literêre tekste. Hy gee aandag aan die fynere punte van die teks, die skryfegnieke, toon en ritme of klankstruktuur, ook die semantiese moontlikhede.

Om te vertaal is nie werklik om verraad te pleeg nie, maar in die eerste plek om 'n spesifieke manier van lees te dokumenteer. Die vertaler beklemtoon in sy weergawe 'n betekenislaag van die bronteks. Dit hoef nie 'n verlies van moontlikhede te impliseer nie; daar kan nuwe maniere van lees in die doeltaal toegevoeg word.”

Yves sê die vertaler is, net soos skrywers, op 'n baie implisiete manier in die doeltteks aanwesig. “Daar lê altyd 'n vertalersvisie aan die grondslag van 'n vertaling, en daardie visie word deur 'n persoonlike kreatiwiteit bepaal. Dit is iets wat selde uitgespel word. Vertalings is nie uitruilbaar nie en dít maak hulle so boeiend – ook uit 'n teksvergelykende perspektief.”

Op die jaarlikse Europese Literêre Vertaaldag in Amsterdam einde verlede jaar wat deur 300 vertalers bygewoon is, is die volgende kwessies belig: Die wêreld is nie Engels nie; vertaling is gelyk aan beskawing; nie net die betekenis moet klop nie, maar ook die ritme, klank en styl; wat wegval uit die bronteks kan jy in die doeltteks bykry; en elke genre bied sy eie vertaaluitdagings.

Daar is egter die voorwaardes: Jy moet albei tale goed genoeg ken om te weet wat die moontlikhede en nie-moontlikhede is; en jy moet die wetenskap verstaan om kuns te kan skep. ♡

DEUR MARLENE MALAN